WIL U GRAAG GESOND WEES?

J. B. van Zyl

WIL U GRAAG GESOND WEES?
CHRISTUS IS DIE GROOT GENEESHEER!

Dierbare Leser,

As inleiding tot hierdie baie belangrike boekie wat ook u lewe heeltemal kan verander, wil ek Heb. 13:8 aanhaal:

„Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid."

Lees tog net hoe treffend stel die Living Testament dit: "Jesus Christ is the same yesterday, today, and forever." Leser, onveranderbaar, dieselfde! Die Seun van God wat bykans 2000 jaar gelede te voet die landstreke van Judea deurreis en wonderwerke gedoen het, wil dit vandag nog doen, -VIR U OOK- as u maar net kan leer om u geloof positief los te laat.HY WIL U GENEES! Christus het mos n duur prys betaal vir u genesing. Jesaja profeteer dit in Hoofstuk 53:5: „ ... deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Petrus beklemtoon dit uitdruklik in 1Pet.2:24: „deur wie se wonde julle genees is."

LESER, HY WIL U NOU LAAT DEEL IN HIERDIE WONDERLIKE WERKLIKHEID. U kan nou, terwyl u hierdie woorde lees, u genesing ontvang. Nie slegs wil Christus u liggaam nou genees nie, maar is dit Sy wil dat u daaglikse in n gesonde liggaamlike toestand moet verkeer. Die Bybel sê in 3 Joh. 2:

„Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy GESOND is, soos dit met jou siel goed gaan."

Dierbare leser, hierdie versie staan mos in die Bybel ook vir u! Dit is wonderlik! „... en dat jy gesond is ..."

Indien u dan nie gesond is nie, beteken dit dat Christus u wil genees!

„... en ALMAL wat ongesteld was, het HY GESOND GEMAAK! sodat vervul sou word wat gespreek was deur Jesaja, die profeet toe hy gesê het: HY HET ONS KRANKHEDE OP HOM GENEEM EN

ONS SIEKTES GEDRA." Matt.8:16-17.

U kan gesond wees! Dit is een van die vernaamste redes waarom Christus na hierdie aarde gekom het. Die aand in die Tuin van Getsémané toe Hy die bitter beker geledig het,het Sy volmaakte sondelose liggaam wat nooit siekte geken het nie, siekte vir ons geword. Aan die kruis met die toedien van die wonde het dit 'n volmaakte offer geword. Die mag van siekte was verbreek. „... deur wie se wonde julle genees is." 1Pet.2:24. Dit is hoe Christus ons swakhede op Hom geneem het en hoe Hy ons siekte gedra het. Hy het die felle aanslag daarvan verbreek en leser, ons het gevolglik alle vrymoedigheid om na Hom te kom vir genesing.

CHRISTUS HET U LIEF!

HY WIL U GENEES!

U moet net leer hoe om u geloof in Hom los te laat.Die mees algemene fout wat baie siekes maak is om te sê: O, ek het nie geloof nie. Leser, dit is natuurlik nie die waarheid nie. Paulus verklaar uitdruklik in Rom. 12:3: „...na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het." Die waarheid is dat elkeen van ons 'n maat van geloof het. Geloof is nie iets wat u moet ontvang nie;dit is iets wat u alreeds in u lewe besit. God begeer dat u u geloof heelhartig in Hom sal stel. Dit is natuurlik nie genoeg om slegs te glo nie; u moet u geloof in aksie stel. Alleen wanneer u kan leer om u geloof los te laat, sal dit dien die doel waarvoor God dit in u lewe gegee het. U moet vertroue hê in u eie geloof. Jesus stel dit so mooi in Mark.9:23: „En Jesus sê vir hom: wat dit betref, AS JY KAN GLO, ALLE dinge is moontlik vir die een wat glo." Die Living New Testament stel dit pragtig: "ANYTHING is possible if you have faith."

Daar is natuurlik 'n groot verskil tussen geloof en glo. Geloof aanvaar die moontlikheid van 'n saak; glo neem dit vir jouself. U mag al die geloof in die wêreld besit maar totdat u dit loslaat in 'n positiewe aksie van aanvaarding van die onmoontlike, sal dit vir u van weinig waarde wees.

GELOOF IS ERKENNING: „Dit is moontlik."

GLO IS AANVAARDING: „Dit is vir my! Genesing is vir my!"

Ek moet net leer hoe om my geloof onvoorwaardelik los te laat. Vir hierdie doel (om u te help) gaan ons so 'n bietjie kyk na een van die genesings in die Bybel.

„En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het,
HÊT VAN JESUS GEHOOR en onder die skare van agter gekom en Sy kleed aangeraak;
want sy het gesê: AS EK MAAR NET SY KLERE KAN AANRAAK, SAL EK GESOND WORD.
En dadelik het die fontein van haar bloed opgedroog, en sy het aan haar liggaam gemerk dat sy van haar kwaal genees was.
En dadelik toe Jesus in Homself die krag gewaarword wat van Hom uitgegaan het, draai Hy om onder die skare en sê: Wie het my klere aangeraak?
En sy dissipels antwoord Hom: U sien dat die skare u verdring, en U sê: Wie het my aangeraak? Toe kyk Hy rond om haar te sien wat dit gedoen het.
Die vrou wat gevrees en gebeef het, omdat sy wis wat met haar gebeur het kom toe en val voor Hom neer en vertel Hom die hele waarheid.
En Hy sê vir haar: DOGTER, JOU GELOOF HET JOU GERED. Gaan in vrede en WEES VAN JOU KWAAL GENEES."

Mark.5:25-34

Leser, baie maklik kan hierdie versies ook van toepassing gemaak word op u eie lewe. Hierdie verhaal is heelwaarskynlik soortgelyk aan u eie lewensverhaal, - jarelange siekte ... hospitaal toe ... dokter toe ... operasies ... ondersoeke ... smart, pyn en swaarkry, rekenings, en nogmaals rekenings vir dokters, hospitaal en medisyne ... EN NOGTANS Is U SIEK.

SIEK ... so 'n eenvoudige woordjie met so 'n wye tragiese betekenis, die mediese wetenskap doen alles wat hulle kan, (en daarvoor is ons baie dankbaar) nogtans is u siek.

CHRISTUS WIL U GENEES! DIT IS SY WIL EN BEGEERTE. Stap vir stap gaan ons die genesing van hierdie vrou volg en gaan u leer om ook u geloof los te laat vir u eie genesing. Leser, die oomblik wanneer u u geloof loslaat, sal Christus se genesende krag in 'n siektegeteisterde liggaam losgelaat word en tot gevolg hê die wonderlike bonatuurlike genesing van u liggaam.

1) HIERDIE VROU WAS OP HAAR LAASTE - NOGTANS HET SY NIE MOED OPGEGEE NIE.

Ag, dierbare leser, ek weet dat dit baie swaar is. Om siek te wees is tog nie lekker nie. U moet tog netnie moed opgee nie. So baie siekes verloor die stryd omdat hulle moedeloos word en alle hoop laat vaar. Hierdie vrou was baie siek. Die Bybel stel dit duidelik dat sy 'n ongeneeslike siekte gehad het.

> „En 'n sekere vrou wat twaalf jaar lank bloedvloeiing gehad het, en veel onder baie geneeshere gely en al haar besittings uitgegee het sonder om enige baat te vind, maar eerder erger geword het," Mark.5:25-26.

Jarelange smarte, elke keer nuwe hoop en elke keer weer teleurgestel. Medies gesproke was sy heeltemal buite hoop want haar toestand het steeds vererger. Haar geld was alles daarmee heen ... alles is uitgegee vir 'n moontlike genesing. Menslik moontlik was alles gedoen maar sonder enige goeie gevolg.

Geen geld meer nie ... geen hoop op genesing meer nie ... geen toekoms meer nie. Is dit nie miskien ook die tragiese gedagtes wat u vandag gedink het terwyl u in hierdie siekbed lê nie? „Ag, die lewe is tog nie meer die moeite wêrd nie." Hierdie gedagte het u miskien telkens die afgelope tyd toegelaat om deur u gedagtes te gaan.

Leser, die vrou het egter nie moed opgegee nie! Goddank daarvoor! Sy het nie toegelaat dat vrees haar

oorweldig nie - nee, sy het nie hoop laat vaar nie, omdat sy betyds van Jesus gehoor het!

2) HIERDIE VROU HET VAN JESUS GEHOOR - EN GEGLO!

„Het van Jesus gehoor ..." Mark.5:28
"She had heard all about the wonderful miracles Jesus did ..." Mark.5:28
(Living New Testament).

Leser, die lieflike storie van Jesus het haar bereik! Wonderlik! En meer wonderlik is dat die storie van Jesus haar betyds bereik het. Dit laat my dink aan die lieflike lied wat ons tog so graag sing:

„Jesus is die Soetste Naam vir my,
En Hy is altesaam, soos Sy dier'bre Naam.
Daarom het ek Hom so lief gekry,
Want Jesus is die Soetste Naam vir my."

Ag leser, dit is pragtige woorde. Ook vir u is daar hoop op uitkoms want nou, terwyl u hierdie woorde lees bereik die storie van die Groot Geneesheer u. DAAR IS HOOP! Die skrynwerkerseun het die land deurreis en ALMAL (dit sê die Bybel) genees wat siek was en gelukkig gemaak almal wat ongelukkig was. So verbasend was hierdie eenvoudige Man se krag dat totaal blinde oë deur die aanraking van Sy hand siende geword het. Die dowes kon hoor, die stommes kon praat, die lammes kon loop en die melaatse was gereinig. Selfs die heel gebreklikes en kreupeles het Hy opgerig en hulle loop en prys Sy Naam!

Sy Naam? Jesus van Nasaret!

Leser, dit is Sy Naam!

Dit was verstommende nuus maar hierdie moedige vrou het dit geensins betwyfel nie. Sy het elke woord daarvan geglo. Sy het dit nie skeptiés benader en dit eers met haar predikant of dokter gaan bespreek nie - NEE, SY HET GEGLO IN JESUS! Elke mens wat waarde heg en glo aan menslike bekwaamheid, kan tog glo in die bonatuurlike krag van God!

Jesus is die Groot Geneesheer! Hy wil u genees. Wat die mens gedeeltelik kan doen, kan God volkome doen; wat die mens nie kan doen nie, kan ons Hemelvader doen.

Hierdie vrou het die verhaal van Jesus geglo. Sy het haarself begin voorberei op 'n ontmoeting met Hom, en het haarself moed ingepraat. Hoe wonderlik is hierdie Man dan tog nie? Hy genees selfs hulle wat Hom slegs aanraak!

AS HY DIT VIR ANDERE KAN DOEN, KAN HY DIT VIR MY OOK MOS DOEN! EN HY WIL DIT VIR U OOK DOEN! „want sy het gesê: AS EK MAAR NET SY KLERE KAN AANRAAK, SAL EK GESOND WORD." (Mark.5:28). Hierdie woorde van die vrou is baie belangrik.

3) HIERDIE VROU HET CHRISTUS-BEWUS GEWORD.

Nadat hierdie vrou van Jesus gehoor en ter harte geneem het wat sy gehoor het, het daar 'n tydperk van geestelike voorbereiding gevolg. Sy wou die meester sien en sy wou Hom graag aanraak. Jesus het 'n heerlike werklikheid in haar hart geword. Hy was nie slegs meer net 'n naam of 'n simbool van hoop nie!

In haar hele wese het Christus 'n LEWENDE PERSOON geword. Hy het vir haar Iemand geword wat haar geheel en al gaan genees. Haar hart en verstand was gevul met hierdie heerlike Christus bewuswording. Lank voor sy Christus gesien het, het Hy 'n lewende werklikheid in haar siel geword. Die mislukkings van die verlede, persoonlike verhoudings en ander bande, het uit haar lewe verdwyn. In haar gedagtes het sy haarself volkome genees gesien, lank voordat sy Hom werklik aangeraak het.

Liewe siek leser, hierdie vroutjie het volkome Christus-bewus geword! Sy het niks meer gevrees of haar selfbejammer nie en nog minder het sy gedink dat dit God se wil was dat sy moes siek wees. Nee, prys die Heer, daar was nie meer plek vir sulke negatiewe gedagtes nie. Haar hele wese was Christus-vervuld!

Leser, Christus wil u graag genees. Kry u oë op die ANTWOORD. Solank u op u eie probleme kyk, sal u moeilik genees word. KYK WEG VAN DIE PROBLEEM OP NA DIE ANTWOORD. Hierdie positiewe gedagtegang en hartsgevoel van hierdie vrou het haar 'n uiters geskikte kandidaat vir genesing gemaak. Toe die regte oomblik in haar lewe aangebreek het, kon sy haar geloof loslaat, en het

sy haar genesing ontvang!

Hierdie vrou was Christus-bewus; haar geloof was nie in „iets" nie maar in IEMAND; in 'n PERSOON; in Christus. Liewe leser, in haar gedagtewêreld en in haar hart was hierdie vrou in werklikheid genees, lank voordat haar liggaam genees was.

4) HIERDIE VROU HET 'N TYD GESTEL VIR HAAR GENESING

„...want sy het gesê: AS EK MAAR NET SY KLERE KAN AANRAAK, SAL EK GESOND WORD." Mark.5:28.

Leser, die Skrif laat nie blyk die tydperk wat verloop het vandat die vrou van Jesus gehoor het totdat sy in staat was om Hom aan te raak nie. Maar ek twyfel nie dat dit sommer baie gou was nie. Sy het mos heeltemal genoeg van smart en lyding gehad. Elke dag het sy swakker geword.

Hierdie vrou het definitief nie besluiteloos opgetree nie. Eendag sal ek Hom vind en dan sal Hy my miskien genees. Miskien sal ek dan in staat wees om Sy kleed aan te raak. Nee, leser, sy het hierdie saak 'n definitiewe saak gemaak.

Onmiddellike handeling: Vandag het ek darem nog die krag om deur te dring tot by Hom, al kruip ek selfs. Môre mag te laat wees. Die skare om Jesus heen het heelwaarskynlik nie eers vir haar plek gemaak nie. In haar liggaamlik uiters verswakte en siek toestand het sy tussen die omstanders deurgedring. Ek is seker dat sy haarself herhaalde kere moed ingepraat het: „Ag, as ek maar net Sy klere kan aanraak ..." Op daardie oomblik is sy miskien amper ru deur 'n ander nuuskierige platgedruk, miskien op hande en voete ... „As ek maar net die soom van Sy klere kan aanraak, SAL EK GESOND WORD!"

Leser, sy het haar genesing ontvang omdat sy nie uitgestel het om naarstiglik te soek na haar genesing nadat sy die storie van Jesus gehoor het nie. As u alreeds tot hier gelees het, is dit u tyd vir genesing. Christus wil dit vir u doen! Moenie uitstel nie. Lees en herlees hierdie boekie en glo dat Christus se genesende krag u nou volkome genees. Indien u begeer dat ons persoonlik vir u moet bid, maak gebruik van die

uitnodiging aan die einde van hierdie boekie.

5) HIERDIE VROU HET 'N METODE VIR DIE LOSLAAT VAN HAAR GELOOF GESKEP.

„...as ek maar net Sy klere kan aanraak ..."

Hierdie kinderlike manier van glo mag vir die meeste mense kinderagtig voorkom - MAAR LESER, DIT WERK! Ons geloof faal juis so baie keer omdat ons dit te wetenskaplik of teologies benader. Die grootste oorsaak van mislukking in ons geloofslewe is natuurlik die sintuiggebondenheid van die mens. Solank ons die saak met „gesonde verstand" wil benader, is ons op geestelike gebied aan die verloorkant. Leser, dit is hartsake hierdie. Sê die Bybel dit vir ons, is dit ja en amen, al wil en kan die verstand dit nie aanvaar nie.

Die metode waarmee hierdie vrou haar geloof van passiewe moontlikheid tot aktiewe aanvaarding wou loslaat was baie eenvoudig: „as ek maar net Sy klere kan aanraak..." Leser, daar was absoluut geen genesende krag in die kleed van Jesus nie, want na haar genesing het Christus haar hierdie baie belangrike woorde toegevoeg: „Dogter, jou geloof het jou gered," dit wil sê nie haar aanraking van Jesus se klere nie, maar dit was haar geloof!

Dit is eenvoudig! Dit is kinderlik! MAAR DIT WERK! „...as ek maar net Sy klere kan aanraak..." Dit was haar kontakpunt. Die metode vir die loslating van haar geloof was die aanraking van Sy klere. Leser, in haar gedagtes, terwyl sy nog baie siek was, het sy haarself voorgeneem dat daardie oomblik wanneer sy die soom van Sy kleed aanraak - SY GENEES SOU WORD!

Leser, u metode mag verskil met hierdie geval - maar maak dit iets kinderlik dog positief en prakties. Neem u Bybel op en maak dit oop op 1Pet.2:24, lê die oopgeslane Bybel op u eie siek liggaam en sê vir uself: DIT IS MY KONTAKPUNT! Deur Sy wonde is ek genees! Laat los u geloof en begin God prys vir die wonderlike werk van genesing in u liggaam. Staan vierkant op die beloftes van God's Woord. 'n Ander Bybelse kontakpunt is die hande-oplegging deur 'n gesalfde van God. Die oomblik wanneer 'n persoon vir u bid en sy hande op u lê, moet

u u geloof loslaat en Christus sal u genees. Leser, u kan ook hierdie eenvoudige boekie as n kontakpunt tussen die behoefte van u liggaam en die voorsiening van Christus gebruik. Die Heilige Gees het dit op my hart gelê om dit voor te berei, en terwyl ek biddend dit geskryf het, het ek my hart en siel in die saak gesit Saam met my het talle kinders van God gebid dat siek mense deur die lees van hierdie boekie, genesing sal ontvang. Onthou op sigselwers beteken dit niks maar u kan dit as n metode gebruik vir die loslating van u geloof.

6) HIERDIE VROU HET CHRISTUS AANGERAAK MET 'N DOEL.

Ag dierbare siek vriend, ek kan hierdie saak nie genoeg beklemtoon nie. Die vrou se hele benadering was positief. „...SAL EK GESOND WORD!" Dit is nie miskien nie...dit is SAL! Na baie jare van uitputtende siekte was sy gedetermineerd om geheel en al gesond te word. Christus stel nie net daarin belang om slegs u liggaam te genees nie. Hy wil u na gees, siel en liggaam genees! Ja, dit is die waarheid. Die mens bestaan uit gees (die deel na die ewebeeld van God), siel (met vrye wil om te maak soos dit begeer), liggaam (die huis van been, spier en weefsel).

U is n eenheid: gees, siel en liggaam - al drie werk saam as n geheel. So stel Christus in u belang. Die een sonder die ander beteken vir Hom niks nie. Hy wil u besit na gees, siel en liggaam. So wil Hy u ook genees. Hierdie vrou wou graag so genees word! Dit was haar positiewe gedagte! Waarom dink u het Christus haar liggaamlike genesing in vers 34 heel laaste genoem? „En Hy sê vir haar: „Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede..." Redding uit hierdie sondige wêreld, die aflê van die sonde en aanname van Christus as persoonlike Saligmaker, die wassing in Sy bloed en die wedergeboorte wat meebring vrede met God, is baie belangrik voor die mens Hom kan nader vir genesing.

Dierbare leser, dit mag soos harde woorde klink, maar dit is God se plan. Christus het na hierdie wêreld gekom dat u en ek lewe en oorvloed mag hê -mits ons in Sy weë wandel. Hierdie vrou het n doel voor oë

gehad in haar aanraking van Christus. Sy wou genesing ontvang na gees, siel en liggaam. En gelukkig, leser, het die Meester so naby haar verby beweeg dat sy Hom kon aanraak.

HY IS NOU NABY U! Ervaar nou terwyl u hierdie woorde lees die lieflikheid van Sy teenwoordigheid. Hy wil u graag besit. Hy wil u help. Wat Hy vir hierdie vrou gedoen het, wil Hy nou vir u doen! Besluit nou voordat u verder lees dat u ook 'n doel voor oë gaan kry in u aanraking van Christus.

ONTHOU - HY GAAN DIE WERK VIR U DOEN! Volmaakte genesing! En redding en verlossing indien u nognie die wonderlike ervaring gehad het nie. Leser, Jesus gaan dit nou vir u doen!

7) HIERDIE VROU SE GELOOFS-AANRAKING HET TOT GEVOLG GEHAD HAAR VOLKOME GENESING!

Leser, nou wil ek u saamneem op hierdie deurdringing tot by Jesus. Strompelend beur sy tussen die skare heen deur. Met moeite sleep sy haar swak liggaam voort maar, omdat sy geestelik voorbereid was, omdat sy Christus-bewus geword het; omdat sy onmiddellik gereageer het op die boodskap van Christus; omdat sy 'n metode vir die loslating van haar geloof geskep het en omdat sy doelbewus was, kon sy moedhou en aanhou. Fluisterend „...as ek net naby genoeg kan kom om Hom aan te raak, sal ek genees word," beur sy tussen die mense heen deur. Leser, haar geloof het haar deurgedra.

Sieke, opregte geloof beweeg sowel mens as God!

GLO IN GOD! Aanvaar Sy Woord! Dit sal u laat „bereik" al het alles verder gefaal.

Ons weet nie,maar heelwaarskynlik op hande en knieë vanweë haar verswakte toestand het sy voortgebeur. Ten einde laaste toe sy voel dat sy onmoontlik nie meer kan voortgaan nie, maak die skare plek vir haar en daar - ... DAAR SIEN SY JESUS!

CHRISTUS DIE GROOT GENEESHEER!

Leser, voel u hoe u geloof toeneem? Sien nou in u geestesoog vir Jesus, die Groot Geneesheer. Bewend, heeltemal uitgeput, steek die moedige vroutjie haar

hand uit en - Goddank, die maer vingers voel vir 'n oomblik die soom van Sy kleed!

Wonderlik! Sy maak kontak! Dit is die aanskakelingspunt van haar geloof. Alles om haar heen...die rumoerige skare, nuuskieriges wat teen Jesus aandring...die stof van die grond waarop sy sit-lê...alles is vergete! Haar menslike liggaam se smagting na volkome genesing raak aan die kragdraad van die hemel...kontak is gemaak...goddelike genesingskrag vloei uit Jesus se liggaam in haar vermoeide siekgeteisterde liggaam ... vloei in elke selletjie, elke weefsel, elke bloedvat, elke been en senu en in 'n oomblik is sy volkome genees.

„En dadelik...aan haar liggaam bemerk dat sy van haar kwaal genees was!" Leser, is dit nie wonderlik nie? Volkome genees van 'n jarelange siekte en smarte!" Weereens wil ek hier die belangrikheid van 'n kontakpunt vir die loslating van geloof beklemtoon. In hierdie geval het dit 'n dubbele loslating teweeggebring: met die aanraking van Sy kleed het hierdie vrou haar geloof losgelaat - dit het meegebring dat Christus Sy genesende krag losgelaat het. Iets het uit haar uitgegaan; iets het ook uit Jesus se liggaam gegaan. Die een het geloof losgelaat en noodgedwonge het dit meegebring die loslating van genesende krag!

Leser, daar was honderde mense rondom Christus. Die Bybel sê: „U sien dat die skare u verdring!" Baie mense het teen Hom gestamp en Hom aangeraak. Maar, en dit is so wonderlik, slegs een ou vroutjie, siek en afgemat, het die „krag van God in Sy lewe aangeraak." Jesus draai om en sê: „Wie het My klere aangeraak?" Op watter pragtige manier eer hierdie vraag van Jesus die kinderlike geloof van die vrou wat uitgeroep het in haar hart en siel: „As ek maar net Sy klere kan aanraak, sal ek gesond word."

Hoe het Jesus gemerk dat hierdie aanraking anders as die algemene gestoot en gestamp was? Buitendien kon Hy immers nie gevoel het toe sy die soom van Sy kleed aangeraak het nie, want ons lees nêrens dat sy die liggaam van Jesus aangeraak het nie. „Iemand het My aangeraak, want Ek het gemerk dat krag van My uitgegaan het."

Leser, glo dit! Christus is vol genesende krag: in werklikheid is Hy gelaai met die krag van God om u algeheel te genees na gees, siel en liggaam. Maar u moet persoonlik uitreik en Hom aanraak. Doen u dit slegs uit nuuskierigheid of in normale gang van die gemeenskap, gaan u niks ontvang nie.

DIT MOET 'N DOELGERIGTE PERSOONLIKE AANRAKING WEES! Hierdie vrou se aanraking was 'n anderse aanraking. Sy het Hom nie as 'n deel van die skare aangeraak nie,maar as individu. Jesus stel in u persoonlik belang. Gelowig, doelgerig en met die vaste versekering dat sy sekerlik genees gaan word, het sy Christus aangeraak ... haar geloof is losgelaat...kontak is gemaak...EN SY IS DADELIK GENEES.

Op Jesus se vraag: „Wie het My klere aangeraak," het hierdie vroutjie gesien dat die wonderwerk nie verborge kon bly nie, bewend na vore getree en aan Christus vertel hoe dat sy genesing vir haar liggaam ontvang het deur die soom van Sy kleed aan te raak.

Leser, ek wil tog weereens u aandag vestig op die wonderlike woorde wat Jesus haar toegevoeg het ... In werklikheid het hierdie vrou baie meer van Jesus ontvang as wat sy gehoop het, haar behoefte was vir liggaamlike genesing. Vir hierdie doel het sy Hom aangeraak. Maar wonderlike Jesus gee haar baie meer. Hy gee haar wat haar hele wese na smag: VREDE.

VREDE EERSTE - DAN GENESING. Sy het genesing vir haar liggaam gesoek. Genesing behels egter baie meer as slegs 'n liggaamlike werk - dit tref die geestelike sfeer ook. Sou hierdie vrou slegs genesing vir haar liggaam ontvang het, sou sy nog nie vrede met God gehad het nie. Sy het na Jesus gekom vir volkome genesing. Op haar aanraking van die soom van Sy kleed was haar hele wese gevul met Sy krag en het sy 'n nuwe mens geword. <u>Wat God vir hierdie vrou gedoen het, wil Hy ook vir u doen</u>.

Leser, laat my ten slotte net hierdie volgende paar gedagtes toe. Ons het nou heerlik saamgesels. U en ek! Dit was 'n heerlike persoonlike gesprek.

Siek lesers, ek voel ek sal my plig versuim as ek u nie nou 'n baie reguit vraag vra nie: Is u waarlik 'n kind van God? Is u siel gered? Het u hierdie heerlike

versekering in u hart dat u sondes vergewe is en dat u waarlik wederomgebore is? Onthou, kerklidmaatskap of kerkampte of geldelike bydraes het absoluut niks met hierdie baie belangrike vraag te doen nie. U moet vir my 'n dag en datum kan opnoem toe u tot die besef gekom het dat u 'n helverdiende sondaar is en toe u met berou en trane tot bekering gekom het. Het u al waarlik Christus as u persoonlike Saligmaker aangeneem?

Hierdie siekte van u is heelwaarskynlik die skeidsmuur tussen u en die genesende krag van Christus. Baie moontlik is selfs hierdie siekte God se roepstem tot u bekering. Wil u Hom nie aanneem as u persoonlike Saligmaker nie? As u so ongered sterf, waar gaan u die Ewigheid deurbring?

Raak Christus nou aan. Hy gaan u genees, volkome genees, geestelik en liggaamlik! NOU IS DIE TYD VIR U GENESING! O, hoe begeer ek tog nie om nou saam met u te kan bid, nou terwyl u geloof so sterk opleef sodat Christus u kan genees. Siek leser, God weet, ek het innige meegevoel met u en sal u nog verder wil help in hierdie wonderlike saak - die loslating van u geloof vir u volkome genesing. Ek glo ongetwyfeld dat u nou, met die lees van hierdie boekie, u genesing kan ontvang. Indien u gaan doen soos die vrou gedoen het, sal u dit sekerlik ontvang.

Skryf gerus aan ons hier by Evangelie per Pos. Ons sal graag saam met u wil deel in u smarte asook in u blydskap. Ons glo dat Christus die antwoord is op al u probleme, en daarom sal ons graag vir u voorbidding wil doen, of selfs, indien moontlik, u 'n persoonlike besoekie wil bring.

„Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Dit is vir u ook. Daarom skryf Johannes so mooi in 3 Johannes 2:

> „Geliefde, ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy GESOND is, soos dit met jou siel goed gaan."

Die uwe in Sy diens,

J.B. VAN ZYL.

EVANGELIE PER POS,
POSBUS 3763, PRETORIA.

HOW YOU CAN BE HEALED

AFRIKAANS

Literature for the NATIONS

CHRIST FOR THE NATIONS